Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**PUNTE:** 70

**TYD:** 2 uur

More Recourses

Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring

TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

10. Skryf netjies en leesbaar.



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die volgende tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

# HET MATRIEK WAARDE?

*Meer as 700 000 kandidate het verlede jaar matriekeksamen geskryf en die uitslae word Vrydag uitgereik. Maar wat presies behels die hele proses van eksaminering en hoe geloofwaardig is die kwalifikasie wat verwerf word? Huw Davies verduidelik.*

1 Derduisende matrikulante, hul ouers en onderwysers wag in spanning op die uitslae van die 2023-nasionale seniorsertifikaateksamen.

2 Dié sertifikaat bepaal in baie opsigte jong mense se geleenthede en lewenskanse op die pad vorentoe. Toelating tot verdere studie, geleenthede in die wêreld van werk, ŉ lisensie om aspirasies na te jaag – dit is alles in die weegskaal totdat die eksamenuitslae aangekondig word.

3 Die nasionale seniorsertifikaat is ŉ gesogte kwalifikasie en die resultaat van 12 jaar (en in sommige gevalle selfs meer) se harde werk. Oor daardie 12 jaar het drie hoofakteurs ŉ rol gespeel in die onderrigproses: die leerling, die skool en die ouerhuis. En met ouerhuis word ingesluit voogde, betrokke volwassenes wat omgee en gemeenskappe.

4 Dis belangrik om te besef dat geen kandidaat in die eksamen alleen gestaan het nie – agter elke leerling is daar ŉ groep rolspelers wat elkeen ŉ belang by die matriekuitslae het. En, soos jaarliks gebeur, gaan twee vrae weer oor die uitslae gevra word: Was al die harde werk die moeite werd? En is die sertifikaat wat verwerf word, geloofwaardig?

5 Daar is ŉ paar aspekte ter sprake om by die antwoorde op hierdie vrae uit te kom. Die nasionale senior sertifikaat wat verwerf word, is dalk die resultaat van eksamens wat in gr. 12 afgelê word, maar die voorbereiding begin reeds in ŉ kind se eerste skooljaar. As daar in die 12 jaar wat ŉ kind op skool is, iewers iets skeefloop, gaan dit ŉ uitwerking hê op die gehalte van die kwalifikasie wat verwerf word.

6 Was die onderrigbenadering op peil? Het dit volgens voorskrif geskied?
Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) is jaarliks by tientalle komitees betrokke om te verseker dat onderwysers bemagtig word in onderrigmetodes.

7 Die tweede aspek is die inhoud en peil van die kurrikulum. Die vraag wat hier beantwoord moet word, is of die leerplan vergelykbaar is met die inhoud van leerplanne wat in ander onderwysstelsels in die wêreld aangebied word.
Die antwoord op hierdie vraag is dat Suid-Afrika se leerplan in alle opsigte positief vergelyk met soortgelyke kurrikulums wat oor 12 jaar strek.

Kopiereg voorbehou



Hosted by www.ecexams.co.za.

8 Die derde aspek wat hier te sprake is, is opleidingsvlak en kwalifikasies van onderwysers wat vakke in gr. 12 aanbied. Die SAOU fokus op die opleiding van onderwysers en help verseker dat hulle op die hoogte is van die jongste vakkennis en benaderings. Verteenwoordigers van die SAOU dien landwyd in komitees en onderwysstrukture wat gemoeid is met die inhoud en samestelling van kursusse vir die opleiding van onderwysers.

9 Die gehalte van onderrig, die inhoud en peil van die leerplan en die opleidingsvlak en kwalifikasie van gr.12-onderwysers is die hoekstene wat uiteindelik lei tot ’n kwalifikasie van goeie gehalte.

10 Vir die opstel van eksterne eksamenvraestelle en die modering daarvan word die beste praktisyns gebruik. Daarna word die vraestel aan die departement van basiese onderwys voorgelê om uiteindelik aan die raad vir gehalteversekering in die onderwys (Umalusi) voorgelê te word. Dit is ’n hoogs vertroulike proses.

11 Gereelde ontmoetings tussen die direkteur-generaal van die departement van basiese onderwys, verteenwoordigers van die SAOU, Umalusi en ander hoofrolspelers verseker dat die proses so deursigtig moontlik geskied.
Wat 2023 se eksamen betref, is die SAOU meer as tevrede dat die vraestelle van ’n standaard was wat deur die voorskrifte bepaal word.

12 Tydens verlede jaar se eksamen het die voorkoms van onreëlmatighede beduidend afgeneem en die SAOU se mening is dat die integriteit van die eksamen nie gekompromiteer is nie en dat die geloofwaardigheid van die kwalifikasie nie in die gedrang kom nie. Nadat die antwoordstelle gemerk is, word die punte vir elke vak op rekenaar onder streng toesig aangebring. Dit word aan Umalusi voorgelê wat volgens wet die magtiging het om punte opwaarts of afwaarts aan te pas, sou daar goeie redes wees om dit te doen. Hierdie proses word nie aan die publiek bekend gestel nie.

13 Uiteindelik word die uitslae deur die minister van basiese onderwys aangekondig. Dis in die jaarlikse ontleding van die slaagsyfer en ander data dat die twee vrae wat aan die begin genoem is, telkens opduik. Die antwoord op albei vrae is ja. Die harde werk was vir elke kandidaat die moeite werd. En die sertifikaat is geloofwaardig.


**Dr. Davies is verbonde aan die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie se afdeling professionele dienste.*

[Aangepas uit *Die Burger*, 18 Januarie 2024]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**TEKS B: VISUELE TEKS**




[Aangepas uit *Volksblad*, 5 Maart 2018]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Herlees die opskrif en subopskrif.

1.1.1 Hoe word die leser by hierdie leesstuk betrek? (1)

1.1.2 Wat is die funksie van die “Maar” in die subopskrif? (1)

1.1.3 Haal uit paragraaf 1 TWEE opeenvolgende woorde aan wat aansluit by die “700 000 kandidate” in die subopskrif. (1)

1.2 Gee VIER redes waarom ’n matrieksertifikaat van waarde kan wees. (4)

1.3 Sê wat die uitdrukking “in die weegskaal” (paragraaf 2) binne konteks beteken. (1)

1.4 Verduidelik wat die skrywer met die woorde tussen hakies in paragraaf 3 bedoel. (1)



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.5 Dit is nie net ŉ leerder wat tot sy/haar opvoeding bydra nie.

Bewys die bogenoemde stelling met TWEE feite. (2)

1.6 Watter implikasie, dink jy, het dit vir die kandidaat as hy/sy weet dat hy/sy nie "alleen gestaan" (paragraaf 4) het nie. (1)

1.7 Verwys na paragraaf 8 tot 11.

Waarom kan ŉ onderwyser soms die blaam vir swak uitslae dra? Noem TWEE redes. (2)

1.8 Op grond waarvan glo die SAOU dat SA skole se leerplan wel ŉ plan van gehalte is? (1)

1.9 Onderwysers doen slegs vakkennis op deur tersiêre opleiding en ervaring.

Stem jy saam met die bogenoemde stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

1.10 Noem die DRIE fundamentele beginsels waarop gehaltekwalifikasies gebou word. (3)

1.11 Waarom kan daar gesê word Umalusi se verwysing na deursigtigheid (par. 11) in die leesstuk weerspreek word? (1)

1.12 Verwys na paragraaf 12.

1.12.1 Waarom is dit nodig dat die invoer van punte "onder streng toesig" gebeur? (1)

1.12.2 Umalusi pas elke jaar graad 12-leerders se punte aan.

Is hierdie stelling korrek? Motiveer jou antwoord. (1)

1.13 Verwys na paragraaf 13.

1.13.1 Motiveer waarom die siening oor matriekeksamens in die berig as geloofwaardig beskou kan word. (1)

1.13.2 Dink jy dat ŉ matrieksertifikaat vandag werklik waarde het? Motiveer jou antwoord. (1)



Hosted by www.ecexams.co.za.

**VRAE: TEKS B**

1.14 Wat impliseer die pa met sy woorde in die spotprent? (1)

1.15 Verwys na die seun in die spotprent.

1.15.1 Noem TWEE sigbare bewyse dat die seun ingenome met homself is. (2)

1.15.2 Gee ŉ rede vir die seun se ingesteldheid. (1)

**VRAE: TEKS A EN TEKS B**

1.16 Herlees paragraaf 11 van TEKS A.

Hoe verskil die terme "standaard" in TEKS A van die "standaard" waarna TEKS B verwys? Verduidelik ook hoe TEKS B by die kernboodskap van TEKS A aansluit. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak ʼn opsomming van **sewe wenke hoe om ʼn stresvolle vakansie te geniet**.

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ʼn titel te gee nie.
4. Dui die **getal woorde** aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**IS VAKANSIES VIR JOU ʼN BRON VAN STRES? HIER VOLG WENKE HOE OM ʼN STRESVOLLE VAKANSIE TE GENIET!**

Die Desembervakansie lê om die draai en vir sommige mense is dit ʼn groot bron van stres ...

Doen egter waarvan jy hou. Moenie ʼn bestemming kies wat nie by jou voorkeure aansluit nie. As jy ʼn hotel-mens is, gaan ʼn tent jou nie laat ontspan nie! Wees eerlik oor jou voorkeure. Kies ook jou reisgenote versigtig. Moenie saam met mense vakansie hou wat jou irriteer nie. Net omdat julle met vakansie is, beteken nie hulle gaan persoonlikheidsveranderinge ondergaan nie. Inteendeel, hulle gaan nog erger word.

Stel ʼn begroting op voordat julle vertrek. Moenie meer geld spandeer as waarvoor julle begroot het nie. Jy gaan nou al begin stres oor die finansiële probleme wat terug by die huis vir jou gaan wag. Dit is ook belangrik om deeglik vooruit te beplan. As jy alles saamgebring het wat jy nodig gaan kry, hoef jy nie heeltyd noodplanne uit te dink nie. Neem foto's. Vat jou kamera saam, dalk ʼn videokamera en ʼn dagboek. Dit is heerlik om agterna, wanneer die stres-duiwel weer kop uitsteek na jou herinnering te kyk en te onthou hoe lekker dit was.

Bederf jouself so ʼn bietjie. Dit is die perfekte verskoning om al daardie boeke te lees waarby jy nog nie kon uitkom nie, ʼn lekker wyntjie te teug en dalk meer sjokolade te verorber as wat Switserland in ʼn week kan produseer. Kry ʼn tema vir jou vakansie. Indien jy ʼn kwaliteit-familietyd vakansie wil hê, maak dit die tema en kies die uitstappies en aktiwiteite rondom hierdie tema.

Moenie alles self doen nie. (Hierdie raad is vir die ma's!) Probeer om meer te delegeer en minder self te doen. Alhoewel jou gesin ook met vakansie is, beteken dit nie jy hoef alles te doen nie. Werk ʼn vakansierooster uit sodat almal help.

Met die regte houding en hierdie nuttige wenke kan jy hierdie jaar gaan vakansie hou sonder om te stres!

[Aangepas uit *rondrits.co.za*, 11 Desember 2020]

**TOTAAL AFDELING B: 10**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Aangepas uit *Sarie*, Jan/Feb. 2023]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**VRAE: TEKS D**

3.1 Hoe word die leser reeds by **A** (die opskrif) direk by die advertensie betrek? (1)

3.2 Waarom is die woordgebruik by **A** gepas om die leser aan te moedig om die produk te koop? Verwys in jou antwoord na TWEE redes. (2)

3.3 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die woorde by **B** ten opsigte van jou vel tydens somermaande? (1)

3.4 Hoe ondersteun die vrouens in die advertensie se gesigsuitdrukkings die woorde in **B**? (1)

3.5 Verdeel die onderstreepte woord in **B** in klankgrepe. (1)

3.6 Is die foto van die velsorgprodukte in die advertensie gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

3.7 Herlees die woorde by **C**.

Wie sal hoofsaaklik die teikenmark van hierdie advertensie wees? Verwys in jou antwoord na die inligting in **C.** (2)

3.8 Gee die funksie van die skryfteken in die onderstreepte woord by **D**. (1)

**[10]**

Kopiereg voorbehou




Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Aangepas uit *comicskingdom.com* 2024]

**VRAE: TEKS E**

4.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.1) en die letter (A–D) neer.

Die eerste woord van die strokie se opskrif is 'n ...

A onderwerp.
B voorwerp.
C gesegde.
D byvoeglike bepaling. (1)

4.2 Skryf Zits se ma se woorde in RAAMPIE 1 oor in die ontkennende vorm. (1)

4.3 Na watter vorm van stereotipering kan daar moontlik in RAAMPIE 1 verwys word as ons Zits se antwoord in ag neem? (1)



Hosted by www.ecexams.co.za.

4.4 Verwys na RAAMPIE 2.

Wat impliseer Zits met sy woorde in RAAMPIE 2 ten opsigte van sy LO-taak? Verduidelik ook die funksie daarvan dat sy ma in RAAMPIE 2 niks sê nie. (2)

4.5 Kan Zits se woorde in RAAMPIE 3 as manipulerend beskou word as ŉ mens sy antwoord in RAAMPIE 1 in gedagte hou? Motiveer waarom jy so sê. (1)

4.6 Wat word deur die stilte in RAAMPIE 4 aangedui? (1)

4.7 Dink jy Zits se ma se woorde in RAAMPIE 5 het tot Zits deurgedring? Verwys in jou antwoord na TWEE visuele bewyse uit RAAMPIE 6. (2)

4.8 Op watter manier dra die ironie in RAAMPIE 6 by tot die humor van die strokiesprent? (1)

**[10]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

**"LEKKER FEITE OOR SA VIR DIE** (5.2) **GEMAKSTOELREISIGER!"**

1 Daar is heelwat wêreldlande met twee amptelike hoofstede, maar het jy geweet Suid-Afrika is die enigste land in die wêreld met drie? Dit (5.3) (datum) al die pad uit 1910 toe Suid-Afrika sy (5.4) Unie-baadjie aangetrek het. Vandag is Kaapstad ons wetgewende hoofstad, Pretoria die administratiewe hoofstad en Bloemfontein is ons geregtelike hoofstad.

2 Daar is ŉ rede waarom die (5.5) **inwoners van Kaapstad** so oor Tafelberg te kere gaan. Dit is nie net een van die oudste berge in die wêreld nie, maar het meer flora-spesies as Engeland, Wallis, Ierland en Skotland saam!

3 Suid-Afrika is die enigste land in die (5.6) wêreld wat Mercedes Benz-voertuie met ŉ regterstuur vervaardig.

4 Ons volkslied is een van slegs drie ter wêreld wat neo-modaal is – dit beteken dat die lied in een toonsoort begin en in ŉ ander eindig. Ons deel hierdie musikale eer met Italië en die Fillippyne. (5.7) **En die kersie op die koek?** Ons sing hom in vyf amptelike tale, naamlik Xhosa, Zoeloe, Sotho, Afrikaans en Engels.

5 Die grootste diamant is op 26 Januarie 1905 in Cullinan, net buite Pretoria ontdek. Vandag pronk dié diamant (5.8) ... die Verenigde Koninkryk se Kroonjuwele.

6 Interessant, né? ŉ Mens kan beslis van hierdie lysie gebruik maak om daai volgende vakansie na een van dié spesiale besienswaardighede te beplan!

[Aangepas uit *MaroelaMedia,* 24 Maart 2020]

**VRAE: TEKS F**

5.1 Skryf die eerste diftong uit die opskrif neer. (1)

5.2 Motiveer waarom die onderstreepte woord in die opskrif as ŉ samestellende afleiding beskou kan word. (1)

5.3 Vorm ŉ werkwoord van die woord tussen hakies. (1)

5.4 Verwys na reël 2 tot 3, paragraaf 1.

5.4.1 Motiveer waarom die onderstreepte woord in hiérdie idiomatiese uitdrukking konnotatief gebruik word. (1)

5.4.2 Gebruik nou die onderstreepte woord denotatief in ŉ verklarende sin van jou eie. (1)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

5.5 Vorm ŉ persoonsnaam van die drie vetgedrukte woorde in paragraaf 2. (1)

5.6 Verduidelik die gebruik van die skryfteken in die onderstreepte woord in paragraaf 3. (1)

5.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (5.7) en die letter (A–D) neer.

Die vetgedrukte sin in paragraaf 4 is ŉ voorbeeld van ...

A pleonasme.
B anglisisme.
C kontaminasie.
D analogie. (1)

5.8 Skryf die ontbrekende voorsetsel in paragraaf 5 neer. (1)

5.9 Verbeter die skryftekenfout in paragraaf 6 deur die woord (korrek gespel) neer te skryf. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# AFRIKAANS HUISTAAL V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 70**

More Recourses

Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring

TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/bewys/motivering word oorweeg by die puntetoekenning.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie.**
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeusevrae BEIDE die ooreenstemmende letter met die korrekte antwoord EN/OF die volledige, uitgeskryfde antwoord.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde nie/taalgebruik nie.)*** | | | |
|---|---|---|---|
| **Vraag** | | **Antwoord** | **Punte** |
| 1.1 | 1.1.1 | ŉ Vraag word gevra. √ | 1 |
| | | | |
| | 1.1.2 | Dit beklemtoon die vraag of die eksaminering en/of kwalifikasie werklik van waarde is. / Dit kan dui dat die spreker skepties is of ŉ matrieksertifikaat waarde het. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | | |
| | 1.1.3 | "Derduisende matrikulante" √ | 1 |
| | | | |
| 1.2 | Dit verskaf geleenthede,<br>dit bied lewenskanse,<br>dit gee geleentheid tot verdere studie,<br>dit bied werksgeleenthede,<br>dit bied geleentheid om aspirasies na te jaag. √√√√<br><br>*Die kandidaat bied enige VIER antwoorde vir EEN punt elk aan.* | | 4 |

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

| | | |
|---|---|---|
| 1.3 | Indien die graad 12-kandidaat onsuksesvol is, kan die genoemde geleenthede nie realiseer nie. / Slegs indien die graad 12-kandidaat slaag, kan die genoemde geleenthede nagejaag word. /Die kandidaat is onseker of hy/sy sy/haar planne ná graad 12 kan najaag. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 1.4 | Sekere kandidate het dalk 'n graad herhaal / sekere kandidate het reeds opleiding vóór graad 1 gekry, bv. graad R. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 1.5 | Die skool speel 'n rol, die ouerhuis speel 'n rol. √√ | 2 |
| | | |
| 1.6 | Hy/Sy kan dankbaar wees dat daar ondersteuning is. /<br>Hy/Sy kan waardering hê teenoor persone wat hom/haar ondersteun het./<br>Hy/Sy kan mislukkings (bv. om te druip) met ondersteuning beter hanteer. Hy/Sy behoort gemotiveerd te wees om te presteer, aangesien sy/haar ondersteuners dit verwag. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 1.7 | Die onderwyser bied nie gehalte-onderrig aan nie. / Die onderwyser bied nie lesse volgens voorskrif aan nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | |
| 1.8 | Dit vergelyk goed met soortgelyke kurrikulums van ander lande oor 'n tydperk van 12 jaar. √ | 1 |
| | | |
| 1.9 | Nee, die SAOU lei jaarliks onderwysers op.<br><br>**OF**<br><br>Ja, nie alle onderwysers is lede van unies wat opleiding gee nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 1.10 | gehalte-onderrig, inhoud en peil van die leerplan,<br>opleidingsvlak en kwalifikasies van die onderwysers √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| | | |
| 1.11 | Hulle sê die proses is deursigtig, maar inligting oor aanpassings word nie bekend gemaak nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |



Hosted by www.ecexams.co.za.

| | | |
|---|---|---|
| 1.12.1 | Die hele proses moet streng vertroulik geskied./ Foute met punte– invoer moet uitgeskakel word. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 1.12.2 | Nee.<br>Slegs indien daar goeie redes daarvoor bestaan, word punte aangepas. √ | 1 |
| | | |
| 1.13.1 | Die skrywer is verbonde aan die SAOU se professionele dienste – afdeling / is ŉ kenner. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 1.13.2 | Ja, die proses van eksaminering en die kwalifikasie is geloofwaardig. √<br><br>**OF**<br><br>Nee, baie mense sit met ŉ graad 12-kwalifikasie, maar is steeds werkloos. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 1.14.1 | Wat tevore ŉ druipsyfer was, is nou ŉ slaagsyfer./ Dis deesdae makliker om te slaag./ Standaarde verlaag. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 1.15.1 | Hy glimlag; sy hande is in sy sakke. √√ | 2 |
| | | |
| 1.15.2 | Hy is tevrede, want dit is (vir hom ook) makliker om te slaag./ Hy voel tevrede oor sy eie grappie oor onderskeidings. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 1.16 | Teks A verwys na die standaard van vraestelle en Teks B verwys na die slaagstandaard. √<br><br>**EN**<br><br>Indien slaagvereistes so maklik verlaag word, laat dit ŉ mens wonder of ŉ matrieksertifikaat soveel waarde het / word geïnsinueer dat ŉ matriek-sertifikaat minder waarde het. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

**Nasien van die opsomming**

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ŉ opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne**, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totale punte: 10

- **Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
  - 4–5 direkte aanhalings: ken ŉ maksimum van 1 taalpunt toe
  - 2–3 direkte aanhalings: ken ŉ maksimum van 2 taalpunte toe

**INTERPRETASIE VAN HIERDIE NASIENRIGLYN:**
Indien ŉ kandidaat woordelikse aanhalings as feite aanbied, word hy/sy soos volg vir taal bepunt:

- Met 6 of 7 korrekte feite kan die kandidaat geen punte vir taal verdien indien hy/sy 6/7 aanhalings as feite aanbied nie; slegs 1 taalpunt verdien vir 4/5 aanhalings; 2 taalpunte verdien vir 2/3 aanhalings; 3 taalpunte verdien in die geval van slegs 1 aanhaling.
- Met 4 of 5 korrekte feite kan die kandidaat geen punte vir taal verdien indien hy/sy 4/5 aanhalings as feite aanbied nie; slegs 1 taalpunt verdien vir 2/3 aanhalings; 2 taalpunte verdien in die geval van slegs 1 aanhaling.
- Met 2 of 3 korrekte feite kan die kandidaat geen punte vir taal verdien indien hy/sy 2/3 aanhalings as feite aanbied nie; slegs 1 taalpunt verdien in die geval van slegs 1 aanhaling.
- Met 1 korrekte feit kan die kandidaat geen taalpunt verdien indien die enkele feit ŉ aanhaling is nie.



Hosted by www.ecexams.co.za.

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
- Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
- Korter opsommings wat die vereiste aspekte bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**NASIENSIMBOLE**

| | |
|---|---|
| **^** | Onvolledige sin |
| **F** | Feitefout |
| **A** | Aanhaling |
| **S** | Stelling |

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

Doen waarvan jy hou/besoek plekke waarvan jy hou. Kies die mense saam met wie jy vakansie hou versigtig. Bly binne jul begroting. Maak seker dat jy doeltreffend vooruit beplan. Neem foto's/vat jou kamera saam/dalk 'n dagboek om na die tyd na die herinneringe te kyk. Dit is aanvaarbaar om jouself so 'n bietjie te bederf. Kies die uitstappies en aktiwiteite van jou vakansie rondom 'n tema. Werk 'n vakansierooster uit sodat almal kan help/sodat jy nie alles self hoef te doen nie.

**[Getal woorde: 86]**

**OF**

Kopiereg voorbehou


Hosted by www.ecexams.co.za.

| AANHALINGS UIT DIE TEKS | MOONTLIKE BEWOORDING |
|---|---|
| • Moenie ŉ bestemming kies wat nie by jou **voorkeure** aansluit nie ... | Doen waarvan jy hou./ Besoek plekke waarvan jy hou. |
| • Moenie saam met mense vakansie hou wat jou irriteer nie ... | Kies die mense saam met wie jy vakansie hou versigtig. |
| • Moenie meer geld spandeer as waarvoor julle **begroot** het nie. | Bly binne jul begroting. |
| • Dit is ook belangrik om deeglik vooruit te beplan. | Maak seker dat julle doeltreffend vooruit beplan. |
| • Dit is heerlik om agterna ... na jou **herinnering** te kyk en te onthou hoe lekker dit was. | Neem foto's/Vat jou kamera saam/dalk ŉ videokamera en ŉ dagboek om na die tyd na die herinneringe te kyk. |
| • Bederf jouself so ŉ bietjie. | Dit is aanvaarbaar om jouself so ŉ bietjie te bederf. |
| • Kry ŉ **tema** vir jou vakansie ... | Kies die uitstappies en aktiwiteite rondom ŉ tema. |
| • **Moenie alles self doen nie** ... probeer om meer te delegeer en minder self te doen. | Werk ŉ vakansierooster uit sodat almal kan help/sodat jy nie alles self hoef te doen nie. |
| **(Die kandidaat kan enige 7 feite neerskryf.)** | **Getal woorde: 86** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## NASIEN VAN OPSOMMINGS INDIEN DIREKTE AANHALINGS GEBRUIK WORD

| Gewone opsomming met eie woorde | AANTAL DIREKTE AANHALINGS UIT DIE TEKS | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7 AANHALINGS | 6 AANHALINGS | 5 AANHALINGS | 4 AANHALINGS | 3 AANHALINGS | 2 AANHALINGS | 1 AANHALING | TOTAAL |
| **7 feite +3 pte** | + 0 | + 0 | + 1 | + 1 | + 2 | + 2 | + 3 | **7** |
| **6 feite + 3 pte** | | + 0 | + 1 | + 1 | + 2 | + 2 | + 3 | **6** |
| **5 feite + 2 pte** | | | + 0 | + 0 | + 1 | + 1 | + 2 | **5** |
| **4 feite + 2 pte** | | | | + 0 | + 1 | + 1 | + 2 | **4** |
| **3 feite + 1 pt** | | | | | + 0 | + 0 | +1 | **3** |
| **2 feite + 1 pt** | | | | | | + 0 | + 1 | **2** |
| **1 feite + 1 pt** | | | | | | | + 0 | **1** |



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
    - Eenwoordantwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
    - Waar ’n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- By meervoudigekeusevrae word die letter van die korrekte antwoord en/of die antwoord wat uitgeskryf is, as korrek aanvaar.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punte |
|---|---|---|
| 3.1 | Deur die gebruik van die (voornaamwoord) **jou** / Die leser word direk aangespreek. √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 3.2 | Dit moedig die leser aan om die produk te koop, want dit beloof **daaglikse** √ **beskerming** √<br><br>Die kandidaat se antwoord moet fokus op die keuse van die woorde/omskrywings van die woorde *daaglikse* en *beskerming*.<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir TWEE punte aan.* | 2 |
| | | |
| 3.3 | Dit impliseer dat jou vel ekstra sorg/meer beskerming teen die son in die somermaande benodig. √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 3.4 | Daar word verwys na jou vel wat gelukkig gehou moet word en die vrouens in die advertensie lyk gelukkig/hulle glimlag. √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 3.5 | ge-lu-(k)kig √ | 1 |
| | | |
| 3.6 | Ja<br>Dit wys vir die leser die verskillende produkte wat die reeks aanbied wat adverteer word. √<br>**OF**<br>Nee<br>Die skrif op die produkte is nie duidelik genoeg nie. √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

Kopiereg voorbehou



Hosted by www.ecexams.co.za.

| | | |
|---|---|---|
| 3.7 | Mense wat na *doelftreffende* velsorgprodukte soek. √<br>Mense wat na *bekostigbare* velsorgprodukte soek. √<br>Mense met ŉ voorkeur vir produkte wat geskik is vir *veganiste*. √<br>Mense met ŉ voorkeur vir produkte wat deur *Skoonheid Sonder Wreedheid* goedgekeur is. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | |
| 3.8 | Die deelteken dui ŉ nuwe lettergreep/die begin van ŉ nuwe lettergreep aan./lettergreepskeiding. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | A/Onderwerp √ | 1 |
| | | |
| 4.2 | Is jy **nog nie** klaar met jou LO-taak **nie**? √ | 1 |
| | | |
| 4.3 | Studente dink LO-take is (so) maklik (soos kinderspeletjies). √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 4.4 | Zits dink sy LO-taak is van goeie gehalte./<br>Zits dink sy LO-taak is goed genoeg sodat sy ma gaan sukkel om kritiek te lewer. √<br><br>**EN**<br><br>Sy ma sê niks in RAAMPIE 2 nie wat spanning skep oor sy LO-taak se inhoud omdat sy bloot deur die taak "scroll"/blaai. / Sy fokus op wat sy lees. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1 |
| | | |
| 4.5 | Ja.<br>Zits probeer sy ma in RAAMPIE 3 manipuleer om ŉ eerlike opinie te gee oor sy LO-taak, maar in RAAMPIE 1 het hy haar aanvanklik probeer oortuig dat dit ŉ maklike taak (kinderspeletjies) was. √ /Zits wil sy ma manipuleer om te sê dat die taak van goeie gehalte is.<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 4.6 | Dit verhoog die spanning, Zits wag steeds op sy ma se antwoord van sy LO-taak./Sy ma dink nog/besluit nog oor haar antwoord. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.7 | Ja, (hy is geskok oor haar antwoord) – sy oë is groot oop √, sy mond hang (groot) oop. √<br><br>*Die kandidaat kan nie ŉ NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| | | |
| 4.8 | Zits het verwag dat sy ma vir hom ŉ antwoord oor sy LO-taak gaan gee, maar sy het vir hom ŉ antwoord oor sy voorkoms/netheid gegee./<br>Hy is wel klaar met sy LO-taak, maar sy eie netheid/kamer laat veel te wense oor. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 5: ARTIKEL

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | ei/feite √ | 1 |
| | | |
| 5.2 | Dit bevat meer as een stam en 'n agtervoegsel. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 5.3 | dateer √ | 1 |
| | | |
| 5.4 | 5.4.1 Dit is nie 'n regte/letterlike baadjie wat aangetrek word nie. Dit verwys na die tyd toe SA 'n unie geword het. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| | 5.4.2 Ek trek 'n baadjie aan wanneer ek koud kry. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 5.5 | Kapenaars/Kapenare √<br><br>*Die kandidaat moet die persoonsnaam korrek spel.* | 1 |
| | | |
| 5.6 | Dit is 'n lang e / besondere klank in 'n oop lettergreep. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 5.7 | B/Anglisisme √ | 1 |
| | | |
| 5.8 | in √ | 1 |
| | | |
| 5.9 | nè √ | 1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.